




# 18

# Hoe voel jy vandag?

## My gevoelens



S'bu die Slang is op pad na haar vriend Dassie se verjaarsdagpartytjie.
Sy seil op haar maag ...
"Hallo," sê sy vir al die vriende wat sy langs die pad kry.
"Hoe voel julle vandag?"
"Boehoe, ek is **hartseer**!" snik Skilpad.
"Ek is te stadig.
Die ander het sonder my na die partytjie toe gegaan."
"Jippie, ek is so **opgewonde**!" sê Meerkat.
"Ek kan nie wag om weg te val aan die lekkernye by Dassie se partytjie nie."
"Ek is **jaloers**," sê Skoenlapper.
"Al daardie geskenke vir Dassie en niks vir my nie!"



Oe, ek is **bang!**" bewe Padda.
"Jy kan my dalk heel insluk. Dan sal ek nooit by Dassie se partytjie uitkom nie."
"Moenie bekommerd wees nie," se S'bu.
"Ek het vanoggend 'n groot ontbyt gehad so ek is nie honger nie!"
"Ek is **bekommerd,**" frons Spinnekop.
"Ek het een van my bene seergemaak.
Ek sal dalk nie by die partytjie kan dans nie."
"Moenie bekommerd wees nie, jy het nog sewe - jy kan hop!" sê S'bu.
"Ek is DAPPER," sê Muis. "Ek het vanoggend al my oefeninge gedoen.
Nou is ek so sterk, geen kat kan my vang nie!"
"Ek is **trots,**" sê Uil.
"Ek het self hierdie verjaarsdagkaartjie vir Dassie gemaak."



Die diere kom uiteindelik by Dassie se huis aan.
"Haai Dassie," sê S'bu.
"Hoe voel jy vandag?"
"Ek is **gelukkig**," sê Dassie.
"Vandag is my verjaarsdag en ons gaan partytjie hou!"
"Hoera!" skree al die diere.
"Ons is ook **dolgelukkig**!"

